

Maandag

Ps. 116; Matteus 27: 45 – 51; Ps. 22: 1 - 3, 25. Teks: Ps. 116: 15 “Vir die Here is die dood van sy troue dienaar ’n duur verlies.” Tema: 'Christus laat ons in doodsangs nie oor Gód beangs wees nie.' Die wyse waarop die Here Jesus gesterf het aan die kruis beteken dat ons, as die Here se kinders, nóóit weer GODVERLATE sal wees nie:

- * nie in ons sonde nie,

- * nie in enige siekte, swaarkry of verlies nie,

- * nie in die doodsoomblik nie,

- * en ook nie in die dood nie. Christus se dood was ’n dood in godverlatenheid. Dit was die hel en ang van sý dood soos Hy dit bekend maak met die aanhaling uit Ps. 22 “My God, my God, waarop het U my verlaat.” Christus het die straf van godverlatenheid in ons plek gedra sodat ons nooit in godverlatenheid sal leef nie, maar in die dank van God se liefde sal leef. Die diepste greep wat die pandemie op mense het, is seker

- * die ang oor die dood

- * en ook die eensaamheid waarin ons deur hierdie virus doodgaan.

Hierdie virus het al ons jarelange sekuriteit oor gesondheid (deur siektes heen) en daarom ook ons gelatenheid, ongeërgdheid en vreesloosheid oor siektes vernietig. Hierdie virus het die dood weer deel van die gewóne gang van ons daaglikse lewe gemaak. Voordat hierdie virus gekom het kon ons die werklikheid van die dood feitlik heeltemal uit ons lewe verdring het. Ons kon voorheen die dood verdring op só ’n wyse dat selfs wanneer ons geliefdes of vriende sterf, ons ligsinnig oor hul ang en eensaamheid in die dood, hul “lewe” wou vier sodat die dood nie ’n werklikheid in ons eie daaglikse lewe kan wees. Die wyse waarop ons siek is of doodgaan aan hierdie virus word deur eensaamheid gekenmerk. Ons geliefdes en vriende mag nie met ons in die hospitaal wees nie en selfs in ons doodsoomblik mag net enkeles kom afskeid neem. Hierdie siekte maak die dood ’n werklikheid in elkeen se lewe, en dit gryp ons elkeen aan met ang oor die ontwrigting in elke deel van ons lewe: ons werk, ons studies, ons toekoms, ons geleentheid, ons eiendom en selfversorging. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus.

Dinsdag

Ps. 116; Matteus 27: 45 – 51; Ps. 22: 1 - 3, 25. Teks Ps. 116: 15 “Vir die Here is die dood van sy troue dienaar ’n duur verlies.” Tema: 'Christus laat ons in doodsangs nie oor Gód beangs wees nie.' Die Psalmskrywer het met ’n siekte waaraan hy kon doodgaan met doodsangs geworstel wat hy só verwoord: “Bande van die dood het my omstrengel: die angste van die doderyk het my oorval; benoudheid en bekommernis het ek ervaar.” (116: 3) Die besondere woord “omstrengel” verwys na ’n bok wat in die strik van ’n jagter vasgevang is en hoe meer hy spartel, hoe sterker word die greep van die strik om sy nek. Die verstrengeldheid is nie verwarde of misplaaste gevoelens nie. Dit is die krag van die siekte wat hom net sieker maak, maak nie saak hoe hy daarteen stry of hoe hy homself daarteen behandel nie. Die

krag wat hom doodwurg is die siekte sêlf - nie sy sogenaamde “verkeerde hantering” van sy siekte nie. Hierdie siekte het werklik ’n doodsgreep op sy lewe. Hy is in die bande van die werklike dood en doderyk gewees. Die gewone menslike reaksie op die verstrengeldheid van die dood – is angs. Daarom verklaar hy dat hy deur angs oorval is. Angs wat hom benoud gemaak het en vervul het met bekommernis. (116: 3) Angs is iets anders as vrees. VREES is om bang te wees VIR IETS wat jy ken en waaraan jy iets kan doen. Jy ken die pyn van om ’n wond op te doen, ’n been te breek, om geslaan te word of om geld, ’n kar en ’n huis te verloor. Aan al hierdie dreigende gevare kan jy iets doen. ANGS is om bang te wees vir die ONBEKENDE waaraan jy niks kan doen nie. Angs is die bangheid in magteloosheid. Daarom maak angs alles bedreigend en vat alle sekerhede weg. Dit is soos die VERSKIL tussen
* ’n kind wat weet sy pa gaan hom pak gee
* en ’n kind wat sy ouers verloor het.

’n PAKSLAE ken hulle, weet wat om te verwag en kan hulleself sterk daarteen. U ken daardie geskree en gehuil voor kinders pak kry. Dit is bangheid vir die bekende wat hulle hul self teen kan staal, terwyl hulle vashou aan die barmhartigheid van hul ouers.

Maar... wanneer ’n kind op die strand egter skielik agter kom hy/sy is alleen, PA EN MA IS WEG, dan word so ’n kind nie vreesbevange maar angsbevange.

Angsbevange beteken om bang te wees omdat ál jou geborgenheid weg is. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag oggend

Ps. 116; Matteus 27: 45 – 51; Ps. 22: 1 - 3, 25. Teks: Ps. 116: 15 “Vir die Here is die dood van sy troue dienaar ’n duur verlies.” Tema: 'Christus laat ons in doodsang nie oor Góð beangs wees nie.' Hierdie Psalmskrywer is skaam oor hoe hy teenoor mense in sy doodsang reageer het. Hy stel dit só: “Ek is die een wat oorhaastig gesê het: “Alle mense is leuenaars.” Die 1983 vertaling stel dit só: “In my vertwyfeling het ek besef ek kan op geen mens staatmaak nie.” Dit gaan nie hier oor geliefdes en vriende wat hom in sy siekte nie help, ondersteun en bystaan nie. Dit gaan juis oor hulle wat hom in sy doodsworsteling probeer ondersteun. Dit is teenoor hulle wat hy verwyttend verbitterd oor hul ondersteuning reageer: “Alle mense is leuenaars.” Wat hy hier besef oor die dood en mense, en hom só verwyttend verbitterd teenoor hulle laat reageer, is dat hulle magteloos is om om te help. Hulle kán hom nie met alles wat hulle doen en sê uit die omstrengeldheid van die dood ontworstel nie. Nog minder kan hulle vir hom in sy doodsang geborgenheid en sekerhede gee met ál hul pogings om dit vir hom beter te maak of minder angstig te laat voel. Die doodsworsteling het hom laat besef: “Ek is nietig.” Dus: verganklik, nie in beheer nie, nie magtig nie, nie kragtig nie, nie vir altyd nie, nie onaantasbaar en nie onmisbaar nie, maar NIETIG. Daarom het hy vir homself in hierdie angs gesê: “Ek is platgeslaan” of volgens die 1983 vertaling: “Dit is klaar met my.” Hierdie besef is nie ongelowig,

- omdat hy opgegee het, -
- omdat hy nie in beheer van sy emosies is

- of omdat hy net verward is nie.

Dit is die werklikheidsoomblik van 'n mens oor homself en sy eie verganklikheid in die greep van die dood: "Ek is nietig." Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag namiddag

Ps. 116; Matteus 27: 45 – 51; Ps. 22: 1 - 3, 25. Teks: Ps. 116: 15 "Vir die Here is die dood van sy troue dienaar 'n duur verlies." Tema: 'Christus laat ons in doodsangs nie oor Góð beangs wees nie.' Ons as gelowiges kan nooit ons eie gewone normale doodsangs wat ons aangryp in ons eie of geliefdes se omstrengeldheid met die dood in siekte ooit losmaak van die Here Jesus se omstengeldheid met Sý eie dood nie. 'n Omstrengeldheid wat Hom in die tuin van Getsemane só oorval het volgens Lukas: "Hy is deur angns oorval en het nog ernstiger gebid. Sy sweet het soos groot druppels bloed op die grond geval." Vrees maak jou koud. Angs laat jou sweet. Hierdie angns van die Here Jesus het hom só vasgegryp dat Hy gebid het of die Vader nie 'n ander manier kan kry as om Hom hierdie dood te laat sterf om sondaars te red nie. (Luk. 22: 39 -45) Wie het die Here omstrengel en waarmee is Hy omstrengeld gewees?

* Dit was nie siekte nie.

* Dit was ook nie dat hy van sy dissipels verlaat sou wees nie. Hy het nooit op hulle ondersteuning en bystand gereken vir sy lyding en dood nie. Die Here self het hulle berekend en doelbewus van Hom afgeskei.

* Nog minder was dit die magsgreep van die Jode of Romeine wat die Here gewurg het. Die Here gebruik Ps. 22 se eerste verse om duidelik en openlik te verklaar deur Wie en hoe word Hy omstrengel: "My God, my God waarom het u my verlaat." Dit is God die Vader wie Christus, sy Seun in die dood godverlate omstrengel. Die Vader laat sy Seun in die haat wat Hy vir sondaars het, sterf sonder sy liefdevolle sorg. Daarom was sy angns nie nét vir die dood self nie, maar vir hierdie HAAT waarin Hy sonder en vervreem van die liefde van die Vader sterf wat Christus só verwoord met Ps. 22 "Waarom is U ver daarvan om my te verlos. Ver van die woorde wat ek uitskreeu?" Christus was in en deur die haat van die Vader vir sondaars omstrengel! Preek beskikbaar by Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag oggend

Ps. 116; Matteus 27: 45 – 51; Ps. 22: 1 - 3, 25. Teks: Ps. 116: 15 "Vir die Here is die dood van sy troue dienaar 'n duur verlies." Tema: 'Christus laat ons in doodsangs nie oor Góð beangs wees nie.' Die Here Jesus het met die laaste Pasga wat Hy die nagmaal gemaak het, hierdie Psalm, Psalm 116, saam met sy dissipels na die Pasga-ete gesing. Dit was direk na die Here verklaar het: "Hierdie beker wat ter wille van julle uitgegiet word, is die nuwe verbond deur my bloed." (Luk. 22: 20) Psalm 116 is juis na aanleiding van vers 13 aan die einde van die Pasga-ete gesing: "Die beker van verlossing sal ek oplig en die Naam van die Here aanroep." Toe Jakobus en Johannes (op pad na Jerusalem) vir Jesus gevra het om hulle as die volgende Christusse aan te wys, ná Hy sou dood gaan. Hulle, so het hulle gedink, sou dan vir

Jesus opvolg. Jesus vra hulle toe of hulle die beker wat Hy moet drink, kan drink. Hulle het selfversekerd geantwoord “Ons kan.” Hierop het die Here Jesus hulle gewys dat hulle die NAGMAALSBEKER sal drink en nie Sy LYDENSBEKER wat Hy alléén moet drink nie. (Mark. 10: 35 – 40) Christus se beker is die LYDENSBEKER sodat ons nie die lydensbeker nie, maar die beker van verlossing (die Nagmaalsbeker) van Ps. 116 uit die hand van die Here ontvang. Hy maak die Pasga-beker die Nagmaalsbeker waarmee Hy hulle verseker dat Hy hulle van die mag van die dood en die ang van godverlatenheid verlos. Só is die Nagmaalsbeker volgens die Here se toepassing van Psalm 116 die teken dat vir die Here die dood van sy troue volgelinge 'n duur verlies is. (116:15) 'n Duur verlies wat God nie aanvaar nie! God verlos sy troue dienaars VÁN (UIT) die nietigheid, dié nietigheid om eendag vir Hom en sy liefde sommer net niks te wees en niks te word nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Donderdag namiddag

Ps. 116; Matteus 27: 45 – 51; Ps. 22: 1 - 3, 25. Teks Ps. 116: 15 “Vir die Here is die dood van sy troue dienaar 'n duur verlies.” Tema: 'Christus laat ons in doodsangs nie oor Gód beangs wees nie.' Die Here het die lydensbeker opgeneem in sy dood aan die kruis en God die Vader se Naam aangeriep met die woorde: My God, my God, waarop het U vir My, Ek wat U lief het en Ek vir wie U lief is, verlaat? Waarom laat U my buite U liefde in U haat vir sondaars sterf? Die antwoord is : sodat óns die verlossingsbeker kan opneem en God in ons nood kan aanroep en God altyd vir ons die teenwoordige liefdevolle God is wat ons in sy liefde versorg. Christus se woorde was in ang, maar nie 'n kreet van onbegrip en verwarring oor wat met Hom gebeur het nie. Met hierdie woorde verklaar Jesus Christus dat Hy só sterf sodat nie één van die Here se dienaars, sy kinders, ooit buite sy liefde en binne sy haat vir sonde en sondaars sal sterf nie. Hulle sal nooit ooit godverlate wees nie, maar altyd leef in die teenwoordigheid van die Here, in die land van die lewendes. (Ps. 116: 9) omdat Hy alléén hulle lydensbeker opgeneem het sodat hulle die beker van verlossing kan opneem. Hy hét sy lydensbeker gedrink! Nou drink ons as kinders en dienaars van die Here – sy verlossings beker (die Nagmaalsbeker). Dit is wat ons in Christus se godverlatenheid moet ontdek: dat vir die Here is die dood van sy troue volgelinge 'n duur verlies is. Só duur verlies dat Hy die duurste prys betaal het om hierdie verlies te keer. Hy het sy eie Seun die duur prys gemaak om hulle van sy haat te verlos. Deur Christus se opstanding uit die dood bewerk God dat ons in hierdie lewe, in ons omstrengeldheid met die dood, in ons doodsoomblik én daarna, áltyd leef in die teenwoordigheid van die Here. Christus het die mag van die dood so gebreek dat ons altyd deel is en bly van die land van die lewendes – ín hierdie skepping, búite hierdie skepping en ook in die núwe skepping. Dit is die evangelie! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag oggend

Ps. 116; Matteus 27: 45 – 51; Ps. 22: 1 - 3, 25. Teks: Ps. 116: 15 “Vir die Here is die dood van sy troue dienaar 'n duur verlies.” Tema: 'Christus laat ons in doodsangs nie

oor Gód beangs wees nie.' Ons angs oor die onbekende van die dood kan nooit maak dat ons oor Godverlatenheid beangs kan wees nie! Die Psalmskrywer maak 'n baie besondere geloofsbelydenis in vers 10: "Ek het bly glo, selfs toe ek gesê het: "Ek is platgeslaan." Die 1983 stel dit ook mooi in hierdie woorde: "Ek het in u bly glo, selfs toe ek gedink het dit is klaar met my." Platgeslaan beteken hy het aanvaar dat hy sal doodgaan soos dit ook vertaal is: ek het aanvaar dit is klaar met my. U mag nie hierdie woord hoor as berusting in en angsloosheid oor die dood nie. Geen mens kan ooit so houding inneem teenoor die dood nie. Hierdie vers is 'n geloofsbelydenis dat in die angs, in die benoudheid en in die bekommernis dat dit klaar is met my, ek steeds bly glo in God se barmhartigheid, liefde, goedheid en trou. Angstig oor die dood, maar nié beangs dat Gód my sal verlaat in sy liefde en ek nie meer in die teenwoordigheid van God sal leef nie. Dit is wat Christus in sy godverlatenheid vir ons bewerk het: niks kan ons skei van God se liefde nie. Paulus stel dit in Romeine 8 só: "37 Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. 38 Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte 39 of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here." Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag namiddag

Ps. 116; Matteus 27: 45 – 51; Ps. 22: 1 - 3, 25. Teks: Ps. 116: 15 "Vir die Here is die dood van sy troue dienaar 'n duur verlies." Tema: 'Christus laat ons in doodsangs nié oor Gód beangs wees nie.' Kom ons kyk na 'n voorbeeld wat die angs oor die dood en angs oor godverlatenheid as TWEE VERSKILLENDE soorte angste kan laat herken:

'n Pa kan besluit dat hy sy klein kind gaan leer perdry. Dan vat hy sy kleintjie, tel hom op saam met hom op die perd en laat hom saam met hom op die perd sit en begin ry terwyl hy sy kind die leisels laat vashou. Vir so kleintjie is die perd en die hele insident angsvol. Angsvol oor die onbekende van wat 'n perd is, perdry is, wat alles kan gebeur en wat hy alles verkeerd kan doen.

Waaroor só 'n kleintjie nooit beangs kan wees nie, is oor sy of haar pa. Want hy tel hulle op, maak hulle vas, hou hulle bo op, gee hulle die leisels en hou hulle teen hom vas. Daarom is die kinders beangs oor die onbekende van die perd en perdry sodat hulle selfs huil, skree en kerm, maar hulle doen dit binne die geborgenheid van die pa wat hulle vashou.

Dit kan ook anders wees:

'n Pa kan eendag besluit hy is nie meer lus vir sy seun of dogter se stoutighede, se rebelsheid, ongehoorsaamheid, nukke en grille nie, en klim in sy kar en los hulle as kleintjies om alleen met die lewe op die plaas of by die huis aan te gaan. Hierdie is angs oor verlatenheid, nie die onbekende nie. Hierdie is angs oor alles wat hulle nou moet doen sonder enige geborgenheid van 'n teenwoordige pa wat optel en vashou.

In die belydenis “Ek het bly glo, selfs toe ek gesê het: “Ek is platgeslaan” hoor die angs van daardie kind op daardie perd. Ek het gedink dit is klaar met my toe my pa my op die perd tel en begin ry. Ek is platgeslaan oor wat met my gebeur, maar ek het bly glo in Hom wat my vashou en in sy teenwoordigheid laat leef. Jy hoor beangstheid oor die onbekende binne die geborgenheid oor God wat my in sy teenwoordigheid laat leef, as sy getroue dienaar en volgeling. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Saterdag oggend

Ps. 116; Matteus 27: 45 – 51; Ps. 22: 1 - 3, 25. Teks Ps. 116: 15 “Vir die Here is die dood van sy troue dienaar ’n duur verlies.” Tema Christus laat ons in doodsangs nie oor God beangs wees nie. Dit is seker die grootste verwarring en misleiding wat ons besig is om in hierdie tyd te ervaar. Geestelikes en hulle volgelingen wil ons probeer oortuig dat ons weer ’n lewe waarin die dood en ontwrigting deur hierdie virus nie deel van die lewe is nie, kan verkry as ons net weer God sal lief hê en dien. Deur ons liefde, ons bekerings en ons diens aan God, sal God ons weer ’n lewe sonder angs oor die onbekende wat hierdie virus bewerk, gee! In hierdie valse verwagting is daar ’n diep ongeloof in God self opgesluit: God sal ons van die perd aftel en die leisels by ons oorneem, sodat ons maar net sorgeloos kinderspeletjies kan gaan speel as ons vir Hom vertel hoe lief ons vir Hom is, ons tot Hom bekeer en belof om soet te wees. Die ongeloof in hierdie valse verwagting is dat God ons op die perd getel het om alleen sonder Hom te wees sodat ons kan leer om weer naby Hom te leef! Hy tel ons op die perd om te leer dat ons sonder Hom is en na Hom toe moet terug kom! Dit is mos niks anders nie as om te glo dat ons die lydensbeker van godverlatenheid uit God se hand ontvang sodat ons uit ons godverlatenheid God moet aanroep nie! Dit is mos ’n totaal godlose geloof wat God in sy liefde ontheilig. God tel ons nie op die perd om ons deur godverlatenheid lesse te leer nie. Hy tel ons met Hom op die perd om in sy arms in die angs oor die eise van die lewe te leer hoe om die leisels vas te hou. Hoe om aan te hou glo in Hom al voel en dink ons dit is nou klaar met ons, ons is nou in ons angs platgeslaan. Ons mag nie ons angs oor die uitdaging wat God aan ons stel om in verlies, ontwrigting en swaarkry deur siekte en dood ervaar as angs oor godverlatenheid nie. Ons mag en moet in ons angs oor om in die onbekende self die leisels van ons lewe te moet vashou, die verlossingsbeker van die Here ophang en sy Naam aanroep as die Here wat my in sy liefde vashou. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Saterdag namiddag

Ps. 116; Matteus 27: 45 – 51; Ps. 22: 1 - 3, 25. Teks: Ps. 116: 15 “Vir die Here is die dood van sy troue dienaar ’n duur verlies.” Tema: 'Christus laat ons in doodsangs nie oor Góð beangs wees nie.' Hoe gaan ons hierdie virusbedreiging en alles wat dit deur die dood, ontwrigting en vernieling in ons lewe hanteer (die perd uitry)? Gaan ons die beker van verlossing ophang, en die Here se Naam in ons angs oor die lewe en dood aanroep? Gaan ons glo Hy hou ons vas op hierdie perd waarvan ons nou die leisels in die hand moet neem en dat ons maar beangs kán wees oor wat ons moet

doen en wat kán gebeur, TERWYL ons in sy liefde geborge is, en so hierdie perd leer uitleer? Óf... gaan ons die lydensbeker opneem in ons harte en glo dat God ons op hierdie perd ALLEEN gesit het om so bang en verskrik te word dat ons ons belowe om hom weer lief te hê, ons tot Hom te bekeer en om weer gehoorsaam te wees? Glo ons dat Hy ons van hierdie perd sal aftel (waarop Hy ons opgetel het om alleen te wees) sodat ons weer net kan gaan speel met ons lewe? Kom ons verwerp hierdie ontheiliging van God in ons harte dat ons dood vir Hom niks is nie en glo dat ons dood vir Hom so duur verlies is, dat Hy die duurste prys betaal het om ons nóóit te verloor nie. Kom ons deurleef ons angste oor ons lewe én die dood in die geborgenheid van Sy liefde. Kom ons hou die leisels van ons lewe vas in die geloof dat Hy ons vashou. Kom ons bly glo in Hom en roep Hom aan terwyl ons in angs voel en dink dit is klaar met ons en ons platgeslaan is. Ons is nie soos die ongelowige wêreld wat vir God wat ons sogenaamd sou verlaat het skree om ons af te tel sodat ons sonder Hom op die perd weer kan speel met die lewe nie. Christus laat ons in werklike doodsangs nie oor Gód beangs wees nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerkelvubu.co.za Ds. Petrus.